Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

NOVEMBER 2019

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

STAAT-MAKERS SKITTER BY GLANSGE-LEENTHEID

Die Burgemeester se Wisseltrofee vir Omgewingsbewaring is toegeken aan Sean Privett (regs) van die Walker Bay Fynbos Conservancy.

Ten tyde van 'n glansgeleentheid wat op Donderdagaand 3 Oktober gehou is, het Burgemeester Dudley Coetzee die eer gehad om sy waardering uit te spreek teenoor daardie mans en vroue wat, ondanks hulle eie bedrywige skedules, steeds tyd vind om met soveel deernis vir ander om te gee. Hierdie ontvangers van die Burgemeesterstoekennings vir 2019 het deur hul optrede 'n ongelooflike bydrae daartoe gelewer om die lede van hul onderskeie gemeenskappe op te hef en te bemagtig.

In **Kategorie 1: Uitblinker** is Jorika Rabie van Purple Angels en Natasha Bruiners van die Catapult Foundation as die gesamentlike wenners aangewys. Die **Burgemeesterstrofee vir Vrou van die Jaar** is toegeken aan Jami Kastner (Butterfly Centre), en die **Wisseltrofee vir Omgewingsbewaring** is toegeken aan Sean Privett (Walker Bay Fynbos Conservancy). Di Rattle van Hermanus Breweries, Old Harbour Beer, is as die wenner in **Kategorie 4: Uitblinkerentrepreneur** aangewys, en Peter Kastner van Stanford Hills Estate in **Kategorie 5: Toerisme-uitblinker**. Izaan Newman van Gansbaai Academia is **2019 se Junior Uitblinker**, en dr. Anina Lee en dr. Robin Lee is die ontvangers van 2019 se toekenning vir **Leeftyduitblinkers**.

Vir volledige besonderhede oor hierdie wenners se prestasies en bydraes tot hul gemeenskappe gaan na https://www.overstrand.gov.za/en/media-section/news/

Ander finaliste vir die Mayoral Floating Trophy for Environmental Conservation was Celeste Loriston, Marhette van Huyssteen en Anette Kahts (Story Team); Michael Neville Auston (Botfriends & PEG); Suretha Cloete (Phoenix Project); Melissa Krige-Saayman (Platbos Forest); en Misha Teasdale (Greenprop).

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester in die geselskap van 2019 se ontvangers van die Burgemeesterstoekennings: Agter is, van links na regs, Jorika Rabie van Purple Angels (Uitblinker), Izaan Newman van Gansbaai Academia (Junior Uitblinker), Sean Privett van Walker Bay Fynbos Conservancy (Wisseltrofee vir Omgewingsbewaring), en Peter Kastner van Stanford Hills Estate (Toerisme-uitblinker). Voor is, van links na regs, Di Rattle van Hermanus Breweries, Old Harbour Beer (Uitblinkerentrepreneur), dr. Anina Lee (Leeftyduitblinker), Natasha Bruiners van die Catapult Foundation (Uitblinker), dr. Robin Lee (Leeftyduitblinker) en Jami Kastner van die Butterfly Centre (Vrou van die Jaar).

Lae reënval het 'n impak op De Bosdam

Sedert die winter van 2015 bevind die Wes-Kaapstreek hom midde in 'n ernstige droogte en was die reënval ondergemiddeld.

Die winterreëns van 2016 en 2017 het min verligting gebring. Sedert die begin van November 2017 moes Munisipaliteit Overstrand vlak 1-waterbeperkings vir die Groter Hermanusarea implementeer. Sedert 1 Junie 2018 moes vlak 2-waterbeperkings geïmplementeer word, met inbegrip van die eerste vlak van waterbeperkingstariewe wat slegs vir die administratiewe area van Hermanus geld. Sedertdien het die winter van 2018 sowel as 2019 tot op hede ook 'n ondergemiddelde reënval opgelewer.

Reënval en watervraag

Vanaf 1 Januarie 2019 tot aan die einde van September 2019 is slegs 340 mm reën in Hermanus aangeteken, vergeleke met die langtermyn-gemiddeld van 502 mm vir die tydperk Januarie tot September. Die langtermyn- gemiddelde jaarlikse reënval vir Hermanus is 620 mm. Slegs 510,4 mm reën is in 2015 aangeteken, 526,3 mm in 2016; 502,9 mm in 2017; en 520,2 mm in 2018. Hermanus se inwoners het oor die afgelope tien jaar baie goed saamgewerk om water te bespaar, die skerp styging in die bevolking oor dieselfde tydperk ten spyt. Die dorp se totale jaarlikse vraag aan drinkwater vir 2018/19 was 10,1% (409 000 kℓ) minder as in 2015/16.

De Bos Dam se vlak

Uiteraard het die ondergemiddelde reënval 'n beduidende impak op die vlak van die De Bosdam. Die dam bly steeds 'n baie belangrike bron van grootmaatwater vir Hermanus en is tans slegs tot 44,2% van sy kapasiteit gevul, en die einde van die winterseisoen is vinnig in aantog. Die opvangsgebied van die De Bosdam, teen 31 km2, is baie kleiner as, byvoorbeeld dié van die groottegewys vergelykbare Kraaiboschdam (opvangsgebied van 208 km2). Voorts, gegewe sy kapasiteit, kan die vlak van die De Bosdam nie vergelyk word met, byvoorbeeld, die Buffelsrivier- en Pearly Beach-damme aangesien die kapasiteit van die laasgenoemde twee damme baie kleiner is en omdat die reënval in ander areas nie so laag was soos in die Hermanusarea nie.

Onttrekking van grondwater

Die tien boorgate wat ook water aan Hermanus verskaf, word optimaal gebruik en het sedert Oktober 2016 2 456 miljoen liter tot Hermanus se grootmaatwatervoorraad bygedra. Dit is meer as 30% van die totale vraag oor daardie tydperk en het aansienlik gehelp om die vlak van die De Bosdam te beskerm. Gedurende die afgelope twee maande is twee nuwe boorgate suksesvol in die Gateway-area gesink. Hierdie boorgate word tans getoets waarna spesifikasies vir toerusting en ontwerpe gefinaliseer sal word, sodat tenders vir hul voltooiing en inbedryfstelling aangevra kan word. Daar word voorsien dat dié boorgate teen die tweede kwartaal van 2020 ten volle in bedryf sal wees.

Haalbaarheidstudies vir die implementering van ontsouting van seewater in die Hermanusarea oor die medium termyn is in 'n gevorderde stadium.

Waterbeperkings

Waterbeperkings is noodgedwonge as 'n tydelike maatreël ingestel om uitermatige watergebruik te ontmoedig en om die dam se watervlak te beskerm. Hierdie maatreëls het laer verbruik tot gevolg, en die meegaande waterbeperkingstariewe genereer dus nie 'n addisionele inkomste vir die munisipaliteit nie. In 'n volgehoue poging om ons waterbronne te beskerm, doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op alle inwoners van Hermanus om asseblief nie af te wyk van die vlak 3-waterbeperkings wat vanaf 1 November 2019 geld nie. Die gebruik van besproeiingstelsels en tuinslange word tot verdere kennisgewing nie toegelaat nie en slegs emmers en gieters mag gebruik word om tuine te benat.

Let ook daarop dat motors en bote slegs met 'n emmer en lap gewas mag word en dat die afspuit van harde oppervlakke met 'n tuinslang verbode is. Swembaddens mag ook nie aangevul word nie.

Die tarief vir huishoudelike watergebruik tot op 6 kℓ per maand is nie sedert Junie 2018 verhoog nie, maar die tariewe vir huishoudelike gebruik bó 6 kℓ per maand is met 30% verhoog. Die watertarief vir alle nie-huishoudelike gebruik is ook met 30% verhoog. Hierdie verhoogde tariewe sal van krag bly met die inwerkingtreding van vlak 3-waterbeperkings. Ongelukkig, tot tyd en wyl die De Bosdam 'n aanvaarbare vlak van ten minste 70% bereik, sal waterbeperkings en die meegaande beperkende tariewe van krag bly, en die moontlikheid bestaan dat strenger maatreëls dalk oor die korttermyn oorweeg sal moet word. *Neem asseblief kennis dat die waterbeperkings waarna hierbo verwys word, nie betrekking het op die Groter Hangklip/Kleinmond- en Groter Gansbaai-area nie.*

Fernkloof-natuurreservaat nou van ses uur soggens oop

Om die somer te vier, maak die Fernkloof-natuurreservaat nou sy hekke 'n uur vroeër oop, en die openingstye (06:00 -19:00) sal van krag bly tot en met 20 Maart 2020.

Toegang tot die park is gratis.

Hondestappers moet onthou om by die blou roetes te hou. Honde moet ook ten alle tye aan 'n leiband wees en hulle ontlasting moet opgetel en verwyder word.

LANKLAAS OVERSTRAND SE AMPTELIKE WEBWERF BESOEK?

Ons moedig alle inwoners aan om die munisipaliteit se amptelike webwerf by www.overstrand.gov.za te besoek. Hierdie webwerf word weekliks en soms op 'n daaglikse basis bygewerk na gelang van die aard van die inligting waaroor verslag gedoen word.

Oorhoofs het die webwerf ten doel om verslag te doen oor munisipale aktiwiteite en om die publiek ingelig en op hoogte te hou van gebeure waarby hulle dalk belang mag hê.

As u kommentaar wil lewer oor die inhoud en/of bruikbaarheid van ons amptelike webwerf, tree asseblief in verbinding met Overstrand se bestuurder: kommunikasie, Noluthando Zweni, by 028 313 8911 of rig 'n e-pos aan tzweni@overstrand.gov.za.

Hawston-kadette maak skoonskip met rommel in Paddavlei

Elke jaar, op die derde Saterdag in September, snoer vrywilligers oral in die wêreld hul kragte saam om onooglike en skadelike rommel langs die kus op te ruim wat daarna, sover moontlik, gesorteer en herwin word.

Om min of meer hiermee saam te val, het Overstrand se omgewingsbestuursdienste (OBS), die Paddavlei Eko-groep (P.E.G.), *Working for the Coast* en 'n klompie ander NRO's saam met die Hawston-kadette moue opgerol om onder toesig van die departement van omgewingsake se jeugkoördineerder, Steven Njokwana, te help om rommel in Paddavlei op te ruim.

Meeste van die werk is egter deur die kadette verrig, met die gevolg dat nie minder nie as 40 sakke vol rommel uit die vleiland en van onder die omliggende plantegroei verwyder is.

Marco Cornelius (Overstrand-OBS) en Michael Henn (*Working for the Coast*) sê hulle was geskok om te sien wat die omvang van die gemors is wat in die proses opgeruim is: enige iets van glaswynbottels tot voedselverpakkings, plastiese koeldrankbottels en -doppies, plastieksakke en sigaretstompies, om nie eens van die polistireen te praat wat oor dekades heen opgegaar het nie.

Njokwana en sy mede-koördineerders het nietemin net die grootste lof gehad vir die kadette se bereidwilligheid om moue op te rol en vir P.E.G. se inisiatief om hierdie opruimingsoperasie van stapel te stuur.

'n Uiters verdienstelike kloppie op die skouer vir almal wat gehelp het om Paddavlei en omstreke van hope en hope rommel te verlos

Vroeë bespeuring steeds beste verweer teen stompkopkewer



Maak seker dat jy jou bome gereeld inspekteer!

Lauren Rainbird, Overstrand se hooftuinboukundige, het onlangs 'n werksessie bygewoon wat deur FABI, die instituut vir bosbou- en landbou-biotegnologie, aangebied is waartydens daar gekyk is na maniere om 'n verweer te bied teen die verwoesting wat gesaai word deur 'n kewer algemeen bekend as **PSHB** (*polyphagous shothole borer*) en die vordering wat tot op hede in hierdie verband gemaak is.

Hierdie swart kewertjie, skaars die grote van 'n sesamesaadjie, is 'n indringer wat tonneltjies in verskeie boomsoorte boor sodat hy sy eiers kan lê. In dié proses skei die kewer 'n fungus af wat die boom se interne vervoerstelsel blokkeer. Die fungus in die kewer se tonneltjies ontwrig die toevoer van water en voedingstowwe in die boom, met die gevolg dat takke vrek, en op die ou einde die boom ook.

Die algemeenste simptome van 'n boom wat met hierdie kewer besmet is, is gom of sap wat op die bas by die in- en uitgangtonneltjies (skaars 'n millimeter breed) deursyfer, suikeragtige uitsweetstowwe, saagsels, swamverkleuring op jong hout of buitekantste bas, en vrekte van dele van die boom. Die simptome is uniek aan elke boomspesie. Tot op hede is nog geen omvattende oplossing gevind nie. Chemiese behandeling in die vorm van bestaande plaag- en swamdoders blyk tot dusver ondoeltreffend te wees omdat die kewers tot diep in die hout boor. Om besmette bome te verbrand as 'n metode om te verhoed dat die besmetting versprei, is ook ondoeltreffend omdat die kewers eenvoudig wegvlieg om aan die hitte te ontsnap.

Munisipaliteit Overstrand het nietemin onderneem om ten volle met FABI saam te werk om hierdie besmetting in toom te hou. Met hierdie doel voor oë doen ons 'n dringende beroep op alle eienaars van eiendomme en besorgde bure om die bome in hul omstreke gereeld vir enige tekens van besmetting met die stompkopkewer te inspekteer. (Sien meegaande visuele verwysing vir eksterne simptome.)

Indien enige van hierdie simptome in bome bemerk word wat op moontlike besmetting met PSHB dui, rapporteer dit asseblief onmiddellik aan Overstrand se hooftuinboukundige Lauren Rainbird (028 313 8972) of omgewingsbestuursdienste (028 316 3724) of stuur 'n epos na enquiries@overstrand.gov.za. *Hou asseblief in gedagte dat u samewerking allerbelangrik is as ons hierdie risiko vir ons bome in toom wil hou.*

Johan du Toit, onderbevelvoerder van die munisipaliteit se span wetstoepassers, is dronkgeslaan oor die stortvloed voorvalle van ontsiering en bevuiling wat onlangs in die Overstrand-gebied voorgekom het.

"Alhoewel nie so ernstig soos onwettige storting nie," het Du Toit gesê, "is voorvalle soos hierdie 'n groot bron van kommer vir Munisipaliteit Overstrand omdat dit nie net 'n gemors veroorsaak nie maar ook 'n ernstige gesondheidsrisiko inhou.

In onlangse tye moes ons span graffiti - waarvan sommiges uiters kru was - van die grotwande by Gearing se Punt skrop, en ek sal eerder nie uitwei oor die aard van die vieslike gemors wat ons van ablusiefasiliteite se mure moes afwas nie."

Wetstoepassingsbeamptes doen hul bes om hierdie probleem te elimineer, maar Munisipaliteit Overstrand doen nogtans 'n beroep op almal om onwettige aktiwiteite / onsmaaklike gedrag van hierdie aard asseblief onmiddellik aan die 24-uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111 te rapporteer.

Om die presiese plek te vermeld waar die insident plaasgevind het en 'n beskrywing te verskaf van die persoon/persone wat betrokke was, sal beslis help om die oortreders aan die pen te laat ry.